

Die Hart van ons Hemelse Vader! – Liefde

Verlosser, verlossing en verlos



Joh 3:16 Want so **lief** het **God** die wêreld gehad, dat Hy **sy eniggebore Seun** gegee het, sodat elkeen wat in **Hom glo**, nie **verlore** mag gaan nie, maar die **ewige lewe** kan hê.



'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoekom is ek hier?



NB! Jesus het nie op my opgegee nie.

My ouers, het ons van kleins af geleer om gereeld kerk toe te gaan, nie dienste gemis nie, was in die oggend en in die aand by die kerk. Bybel geles in die aand na ete om die tafel, gebed voor ons eet, my pa eers diaken toe ouderling, gehoor hoe my ouers gebed het, vir ons kinders....

My oupa (ma se pa) se voorbeeld, gereeld kerk toe gegaan, oggend opgestaan bybel geles en gebed, aande Bybel geles na ete, was betrokke by die kerk, ouderling.....

Gehoer hoe my oupa vir ons almal bid. Sy eie kinders, kleinkinders ander mense....

My ouma (pa se ma) pragtige mens wat die Here met alles in haar aanbid het, gereeld bybel geles gebed, kerk toe gegaan..

Ek glo van ons gemeente lede bid vir my ek weet die bejaarde tannies bid gedurig vir my, glo my ek kan dit voel
Ander kinders van die Here wat vir my bid op die stadium regoor die hele wereld.

Maar na al hierdie mooi getuienisse, **is daar iets wat ek ook moet doen.....**

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Die “Woord” van God!

Wie is God en Jesus!

1. Dawid se die Here is sy **rots**. (Skuilplek) Psm 18:3
Is die Here jou rots by wie jy skuil in tye van nood of probeer jy om jou eie lewe uit te sorteer!
2. Dawid vra God om hom te help om nie moedswillige sondes te doen nie (Verlosser en Leidsman) Psm 19
Is die Here jou Leidsman en Verlosser!
3. Dawid se en bely die Here is sy **Herder**. (Beskermer) Psm 23
Is die Here waarlik jou Herder op wie jy vertrou!
4. Dawid se in die more sal die Here sy **stem hoor**. (Bid) Psm 5
Vertrou jy die Here soos Dawid, deur gedurig tot God te bid!
5. Dawid se as die **Here die huis nie bou nie, bou** die wat daaraan bou tefergeefs. (Bybel Woord van God) Psm 127
Is jy besig om dit wat jy het saam met die Here volgens “**Sy Woord**” te bou jou geestelike lewe, huwelik, die manier hoe jy jou kinders grootmaak, jou finansies, jou gesondheid ens!
6. Dawid **sing lof psalms** en **sing en loof die Here**. (Dankbaar) Psm 145
Is jy dankbaar vir dit wat die Here vir jou gedoen het en nog gaan doen!

Die Hart van ons Hemelse Vader!

Verlosser - Matt 1:21

Emmanuel (God met ons) - Matt 1:23

Leidsman (Herder) - Matt 2:6

God se geliefde Seun - Matt 3: 16-17

Oorwinnaar - (Versoeker)Matt 4

- (Dood) Matt 20:19

Lig - Matt 4:16

Leermeester - Matt 5:3, Matt 4:17 (Na Doop Jesus begin preek)

Roeper - Matt 4:18-22 (Dissipels) Matt 9:9 (Matheus Tollenaar)

Geneesheer - Matt 4:23 (Galilea) Matt 8:1 (Melaatse)

Voorbeeld - Matt 4:24-25 (Berigte oor Jesus versprei)

Lewend Maker - Matt 9 Jairus se dogterjie

Voorsiener - Matt 4:14 Eerste vermeerdering van die vyf brode en twee vissies

- Matt 15:29 Tweede vermeerdering van die vyf brode en twee vissies



'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoekom is ek hier?



Luk 4:18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees;

Luk 4:19 om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.





Hoekom is ek hier?

Die dogtertjie van Jairus. Die vrou wat aan bloedvloeïing gely het.

Mar 5:21 En toe Jesus weer in die skuit oorgevaar het na die ander kant, het 'n groot menigte by Hom vergader. En Hy was by die see.

Mar 5:22 En daar kom een van die owerstes van die sinagoge met die naam van Jaïrus; en toe hy Hom sien, **val hy aan sy voete neer (Weet wie is Jesus)**

Mar 5:23 en **smeek Hom dringend** en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, **sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe. (Vertrou is in Jesus)**

Mar 5:24 En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring.

Mar 5:25 En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeïing gehad het

Mar 5:26 en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het,

Mar 5:27 het van **Jesus gehoor** en onder die skare van agter gekom en sy kleed aangeraak; **(Gehoor van Jesus)**

Mar 5:28 **want sy het gesê:** As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word. **(Vrou het besluit sy het Jesus nodig)**

Mar 5:29 **En dadelik** het die fontein van haar bloed opgedroog, en sy het aan haar liggaam bemerk dat sy van haar kwaal genees was. **(Jesus vrou direk genees)**

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoekom is ek hier?

Die dogtertjie van Jairus. Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het.



Mar 5:30 **En dadelik toe Jesus in Homself die krag gewaarword wat van Hom uitgegaan het**, draai Hy Hom om onder die skare en sê: Wie het my klere aangeraak? **(Jesus weet as jy in Sy teenwoordigheid kom)**

Mar 5:31 En sy dissipels antwoord Hom: U sien dat die skare U verdring, en U sê: Wie het My aangeraak?

Mar 5:32 Toe kyk Hy rond om haar te sien wat dit gedoen het.

Mar 5:33 Die vrou, wat gevrees en gebeef het omdat sy wis wat met haar gebeur het, kom toe en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid. (Moenie bang wees om Jesus te vertel wie jy is nie en wat jy nodig het nie)

Mar 5:34 En Hy sê vir haar: **Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees.**

Mar 5:35 Terwyl Hy nog spreek, kom daar mense van die owerste van die sinagoge se huis en sê: U dogter is dood. Waarom val u die Meester nog lastig?

Mar 5:36 Maar dadelik, toe Jesus die woord hoor wat gespreek is, **sê Hy vir die owerste van die sinagoge: Moenie vrees nie; glo net.**

Mar 5:37 En Hy het niemand toegelaat om saam met Hom te gaan nie, behalwe Petrus en Jakobus en Johannes, die broer van Jakobus.

Mar 5:38 En Hy kom in die huis van die owerste van die sinagoge en sien 'n rumoer: mense wat baie ween en huil.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoekom is ek hier?

Die dogtertjie van Jairus. Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het.



Mar 5:39 En toe Hy binnegaan, sê Hy vir hulle: Waarom gaan julle so te kere en ween julle? Die kind is nie dood nie, maar slaap.

Mar 5:40 En hulle het Hom uitgelag. Maar Hy het almal uitgedryf en die vader van die kind saamgeneem en die moeder en die wat by Hom was, en ingegaan waar die kind lê.

Mar 5:41 Toe gryp Hy die hand van die kind en sê vir haar: Talíta, koemi! wat, as dit vertaal word, beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!

Mar 5:42 En die dogtertjie het dadelik opgestaan en begin rondloop, want sy was twaalf jaar oud. En hulle was uitermate verbaas.

Mar 5:43 En Hy het hulle met nadruk beveel dat niemand dit moes weet nie, en gesê dat daar vir haar iets te ete gegee moes word.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN

